Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Munisipale | Municipal

nuusbrief | newsletter

No. 3 | Augustus/August 2010

In this issue

This issue of the Swartland Municipal newsletter focuses on property valuation while also keeping you informed on all municipal activities.

Bladsy 1

Waardasieproses

Alle Swartland-eiendomme word tans gewaardeer en die nuwe Algemene Waardasierol sal op 1 Julie 2012 in gebruik geneem word.

Page 2

Swartland snippets

Learn more about all the interesting things happening in your area – from municipal vegetation inspections to swimming pool openings.

Bladsy 3

Behuisingsprojek

Die inwoners van die Darling-behuisingsprojek het onlangs sonkragwaterverwarmers ontvang waardeur sommige van hulle nou vir die eerste keer warm water in hul huise sal hê.

Page 4

AARTO Act

Familiarise yourself with the new AARTO Act before it is implemented early next year. AARTO will enforce a driver's license demerit point system.

Algemene waardasieproses nou aan die gang

Swartland Munisipaliteit het tenderaars vroeër vanjaar versoek om te tender vir die algemene waardasie, en daaropvolgende aanvullende waardasieprosesse, in die streek. Met die sluitingsdatum, 12 Maart 2010, is nege tenders ontvang.

Na 'n deeglike en deursigtige evalueringsproses is die tender vir munisipale waardeerder aan Suid-Kaap Waardeerders toegeken.

Gevolglik is die Swartland-waardasieproses nou op dreef en die Algemene Waardasierol sal op 1 Julie 2012 in gebruik geneem word. Alle geregistreerde eiendomme binne die Swartland Munisipale area sal waardeer word. Eienaars sal egter eers die geleentheid kry om kommentaar te lewer op die beoogde nuwe waardasie van hul eiendomme.

Die waardasieproses word van Julie 2010 tot Junie 2011 gedoen. Daarna sal die voorlopige waardasierol intern gekontroleer word en dan vanaf 1 November 2011 aan die publiek gekommunikeer word.

Volgens Hermaine van der Sluys van Swartland Munisipaliteit, sal kennisgewings aangaande die nuwe waardasie van 'n eiendom asook beswaarvorms aan die eienaars van eiendom gepos word. Beswaarvorms sal ook op die Swartland Munisipaliteit-webwerf beskikbaar wees. "Beswaarvorms moet volledig ingevul en saam met die nodige aanhangsels by die munisipale kantore ingedien word," sê me. Van der Sluys. Die munisipale waardeerder sal alle besware hanteer en die eienaars van eiendomme sal regstreeks in verband met moontlike waardasie-veranderinge geskakel word.

Eiendomsbelasting word bepaal en gehef op die waarde van 'n eiendom wat ingevolge die Munisipale Eiendomsbelastingwet (Wet 6 van 2004) ten minste elke vier jaar aangepas moet word. Enige veranderinge wat aangebring word (byvoorbeeld onderverdeling, hersonering, aanbouing of sloping van geboue) word tydens 'n aanvullende waardasie aangepas.

Die Swartland-gemeenskap is reeds deur die pers in kennis gestel van die waardasieproses en meer besonderhede is beskikbaar op die Swartland Munisipaliteit-webwerf by www.swartland.org.za.

Wat word in aanmerking geneem tydens die waardasieproses?

Die waardasie van 'n eiendom word gegrond op die gebruiksreg of sonering van 'n erf. Die markwaarde van die eiendom is dan die geskatte bedrag waarvoor die eiendom op die waardasiedatum (1 Julie 2011) tussen 'n gewillige koper en 'n gewillige verkoper in 'n opemark-transaksie sou verhandel nadat behoorlike bemarking gedoen is en waarin albei partye kundig, omsigtig en sonder dwang optree. Die grootte, posisie en toestand van die eiendom sal die waarde beïnvloed. Die verband op 'n eiendom beïnvloed glad nie die waardasie nie en die aangepaste waarde van 'n eiendom sal ook nie die toekomstige verkoopprys beïnvloed nie.

With a twinkle in their eyes: A group of 250 children from Malmesbury took part in the *Stars in their Eyes* soccer and life skills day held on 23 June. Read more about the exciting initiative on page 3.

Van die redakteur
From the editor

Verjaarsdae, warm water en waardasies

Op 4 Desember vanjaar vier Swartland Munisipaliteit sy tiende verjaardag - dit is nou in ons “nuwe” gedaante as munisipaliteit vir die hele Swartland-distrik. En ons nuusbrief gaan hierdie mylpaal saam met ons inwoners vier. Stuur daarom gerus vir ons lekker interessante staaltjies of stories oor iets positiefs wat die afgelope tien jaar in u omgewing gebeur het. Lees die artikel hieronder vir meer inligting.

As u eiendom in ons munisipale gebied besit, lees gerus die artikel op bladsy 1 oor die eiendomswaardasieproses wat tans aan die gang is. Ons verskaf besonderhede oor die proses en wat u te doen staan as u kommentaar wil lewer op die waardasies op die nuwe Algemene Waardasierol.

Nog ’n kwessie waarmee almal spoedig in aanraking sal kom is die bestuurslisensie-puntestelsel, AARTO, wat eersdaags in die Wes-Kaap in gebruik geneem gaan word. Die stelsel word reeds in Gauteng getoets en kan ernstige gevolge vir onverskillige motoriste inhou.

Verder is ons ook opgewonde saam met die Darling-behuisingsprojek se inwoners wat nou vir die eerste keer in hul lewens warm water in hul huise het.

Besoek ook gerus ons webblad www.swartland.org.za vir meer inligting oor al ons doen en late.

Tot volgende keer!

- Die nuusbrief word kwartaalliks versprei aan inwoners van die Swartland munisipale distrik.

Oktober se kragonderbreking

Swartland Munisipaliteit vestig u aandag op ’n beplande Eskom-kragonderbreking in Malmesbury, Abbotsdale, Ruststasie en omliggende plase van 07:15 tot 18:00 op Sondag 17 Oktober 2010. Indien onvoorsiene omstandighede hierdie datum affekteer, sal die kragonderbreking op Sondag 31 Oktober 2010 plaasvind. Hierdie kragonderbreking vind ongeveer elke drie jaar plaas vir die doeleindes van instandhouding. Bring asseblief hierdie datum in u dagboek aan en tref u reëlings dienooreenkomstig.

Stuur jou staaltjies

Swartland Munisipaliteit vier op 4 Desember vanjaar hul tiende verjaarsdag as munisipaliteit vir die hele Swartland-distrik. Wat het u die afgelope tien jaar hier ervaar? Het iets interessants in u omgewing gebeur of het u net ’n lekker positiewe staaltjie om met ons te deel? Stuur gerus bydraes van nie meer as driehonderd (300) woorde elk na jacobsk@swartlandmun.org.za met die onderwerp “Staaltjie” of na Katrina Jacobs, Staaltjies, Privaat Sak X52, Malmesbury 7299. Die sluitingsdatum hiervoor is **29 Oktober 2010.**

Open your heart

The Swartland Development Foundation needs your help with its Warehouse Project! There is an urgent need for basic items in the Swartland community and this project aims to help aid organisations by distributing your donations to the right place at the right time.

All you need to do is donate any items such as clothing, shoes, blankets, furniture, toys and books. Simply deliver these items to the warehouse on the corner of Varing and Roos Streets in Westbank or to 28 Rood Street in Malmesbury. Deliveries can be made between 09:00 and 16:00 on weekdays.

Accredited aid organisations will then be able to collect relevant items after having supplied full details on where and how the items will be used. Donors are also urged to provide their own details. A special software program is used to manage donations and match it with specific needs in the community.

For more information contact Tania Boonzaaier-Snel on 022 482 4771 or 084 587 3829 or send an e-mail to tania@tsdf.co.za.

Swartland snippets

Lees verder vir kort brokkies, datums en gebeure wat u raak. / Read here for short snippets, dates and events that affect you.

- Swartland Munisipaliteit het onlangs ’n water-skeidinghofsaak ten opsigte van bouregulasies en –wetgewing gewen toe die hooggeregshof en landdroshof albei beslis het dat ’n motorhuis en ’n stoorkamer wat onwettig op Malmesbury gebou is, gesloop moet word. Swartlanders moet dus seker maak dat hulle die bepalings van die Wet op Nasionale Boustandaarde en Soneringsregulasies nakom en Swartland Munisipaliteit se magtiging het voor enige bouwerk gedoen word.
- Swartland Municipality’s Prevention and Suppression of Nuisances Bylaw requires all Swartlanders to ensure that their properties are not overgrown with bushes, weeds, grass, Port Jackson trees or other vegetation. A municipal inspection in this regard will start during October 2010. Contact the relevant officials on 022 487-9400 for more information.
- The three municipal swimming pools in Malmesbury, Moorreesburg and Darling will reopen on Thursday 23 September. Entrance to the pools is R6 per day or R250 per season ticket. The swimming season will end on 30 April 2011 when pools will be closed for winter.
- Swartland Munisipaliteit doen ’n beroep op alle Swartlanders om te sorg dat hul huisnommers op sigbare plekke aangebring word. Dit is geweldig moeilik om na-uurse nooddienste, bv. vir pypbreuke en elektrisiteitsdefekte, te verrig wanneer huise nie opgespoor kan word weens swak nommering nie.
- Swartland Municipality is urging all Swartlanders to adhere to municipal regulations regarding pets. Several Yzerfontein residents have recently reported dogs messing on the beach and walking without leashes.
- Die Swartland Junior Stadsraad se jeugsimposium word van 29 tot 30 September in Malmesbury gehou en alle graad 10, 11 en 12 leerders is welkom!



Darling-behuisingsprojek kry warm water

Van die huise met sonpanele by die Darling-behuisingsprojek.

Die inwoners van Darling was in hulle noppies toe 300 panele en geysers vir sonaangedrewe warm water onlangs by die Darling-behuisingsprojek geïnstalleer is. Die Wes-Kaapse minister van plaaslike regering, beplanning en omgewingsake, mnr. Anton Bredell, het die gemeenskap besoek om die sonkragwaterverwarmers persoonlik te toets.

Sommige inwoners het nou vir die eerste keer in hul lewens warm water by hul huise. Die projek is deur Minister Bredell se departement en DANIDA, 'n Deense ontwikkelingsorganisasie, van stapel gestuur. Minister Bredell het die gemeenskap ook verseker dat R1 miljoen reeds deur die provinsiale regering opsygesit is vir toekomstige projekte. Sy departement het ook 'n doelwit gestel om 14% hernubare energie teen 2014 te lewer.

Uchulumankco nemigcobo ngamaqhawe ebhola ekhatywayo

Kwakuyintswahla yimincili kummandla we-Malmesbury ngomhla wama-23 Juni xa abantwana bale ndawo abangama-250 babeyinxalenye yosuku lwemibhiyozo yebhola ekhatywayo nezakhono zobomi, usuku olwaluxhaswa ngabancedi abavela kwelase-Netherlands. Iphulo elaziwa ngokuba *yi-The Stars in their Eyes* lenza iinzame zokuba eli qela labantwana liphiwe isidlo sakusasa ngokunjalo nesasemini ngosuku lwemidlalo nolonwabo.

Abapheki bakwa-Five Michelin bakuphekela kwi-Culibus oku kutya, ikhitshi elinokuthuthwa elikumgangatho wehlabathi nelaziswa ngenqanawa eMzantsi Afrika livela kwelase-Netherlands lilungiselelwe itumente yeNdebe yeHlabathi yeBhola eKhatywayo ye-FIFA ka-2010.

USodolophu weSigqeba eSwartland, uTijmen van Essen naye waluzimasa olu suku luzele yimincili ndawonye no-Sakkie Jenner, uMphathiswa weMicimbi yezeNkcubeko, iMidlalo noLonwabo kwiNtshona Koloni, kunye no-Joop Pinckaers, umhlali wase-Malmesbury nelungu langaphambili leKomishoni yeNyaniso noXolelwaniso.

Malmesbury was abuzz with excitement on 23 June when 250 local children took part in a soccer and life skills day sponsored by bene-factors from the Netherlands. The *Stars in their Eyes* initiative saw the group being served both breakfast and lunch during their active and exciting day.

Groen, groener, groenste

Swartland Munisipaliteit is besig om ons omgewing groener en skoner te maak en het meer as 500 bome tussen Julie 2009 en Junie 2010 aangeplant. Ongelukkig moet bome op sypaadjies ook soms verwyder word, maar dit word slegs gedoen wanneer daar voldoende bewyse is dat die boom strukturele skade aan omliggende eiendomme aanrig of 'n gevaar vir mense of voertuie inhou. Die riglyne wat gevolg word is opgestel in oorlegpleging met Ernst van Jaarsveld, bekende plantkundige by Kirstenbosch Botaniese Tuine.

Registreer nou vir die plaaslike verkiesing

Die 2011 plaaslike verkiesing vind in Mei plaas en 'n spesiale registrasienaweek sal op 5 en 6 Maart 2011 by alle stemlokale in die Swartland plaasvind. U kan egter nou reeds registreer as kieser of u kieserslysbesonderhede nagaan. Besoek gerus hiervoor die munisipale kantore in Malmesbury, Moorreesburg, Darling, Yzerfontein, Riebeek-Wes of Riebeek Kasteel tydens kantoorure. Besonderhede aangaande die registrasienaweek sal later bekend gemaak word, maar navrae kan aan Juliana Lategan op 022 487 9400 by die munisipale hoofkantoor in Malmesbury gerig word.

Reduce, re-use and recycle

Swartland Municipality is urging all Swartlanders to help with the recycling of refuse in the area. Therefore a total of 66 igloo recycling containers for tin, glass, paper, cardboard and plastic have been placed at twenty different drop-off sites.

Look out for these notice boards in the municipal area.

Recyclable items are taken to the Highlands landfill site where it is baled and then delivered to Consol and Mondi. During the first month after the containers had been made available, 5 730 kg of glass and tin and 5 630 kg of paper and plastic were collected.

Containers have been placed at the following sites:

- **Malmesbury** – At the Westbank library, in the parking area behind Malmesbury Superspar and next to Kentucky.
- **Moorreesburg** – In Piketberg Road (near the railway tracks), opposite Moorreesburg Spar and at Diamonds Liquor Store.
- **Koringberg** – At the municipal clinic.
- **Darling** – At Darling Spar and at the police station.
- **Yzerfontein** – At the petrol station, at the main beach parking area and in Dassen Eiland Avenue.
- **Riverlands** – At the church.
- **Kalbaskraal** – At the municipal clinic in Main Street.
- **Chatsworth** – At the town entrance.
- **Abbotsdale** – At the community hall.
- **Riebeek Kasteel** – On the town square and at the refuse transfer station.
- **Riebeek West** – At the municipal offices and at the refuse transfer station.

Duitsland is Ayoba!

Tien Swartland leerders het onlangs tien aksie-belaaide dae in die Günthersberge in Duitsland deurgebring. Hulle was deel van 'n groep van 250 leerders van 17 lande regoor die wêreld wat die KIEZ Eurokamp bygewoon het. Die program is deel van Swartland Munisipaliteit en Sondeza se inisiatief wat daarop gerig is om skakeling met ander kulture te bewerkstellig.

Die KIEZ-kampus kan 600 kampgangers akkommodeer en verskeie ander kampe is ook vir ander groepe aangebied tydens die Swartlanders se besoek. "Dit was regtig goeie blootstelling aan ander kulture vir ons leerders," sê Ilse Loock van Swartland Munisipaliteit wat die kamp meegemaak het. "Vir baie van die leerders was dit ook hul eerste vliegtuigrit!"

Die kamp behels lesings oor skoolvakke sowel as die ontwikkeling van leierseienskappe en die Swartlanders het dit terdëe geniet en baie baat daarby gevind. "Die ander leerders was gaande oor ons Suid-Afrikaanse danse en die waka waka- en ayoba-element wat ons groepie tot die kamp bygedra het." Die Russiese leerders was glo ook so in hul noppies met die Suid-Afrikaanse kultuur dat hulle die Swartlanders genooi het vir 'n spesiale ete tydens die kamp. Een van die Swartland leerders, Juanita Barkhuizen, het ook die Wêreldkinderraad by 'n parlementsitting in Berlyn verteenwoordig.

Van die leerders in aksie in Duitsland.

Familiarise yourself with AARTO

If you think AARTO is yet another South African arts festival, you might be in for a big surprise. Motorists who currently fail to adhere to traffic laws in Gauteng may tell you that the testing phase of the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences (AARTO) Act is everything but festive. However, according to the Road Traffic Management Corporation (RTMC), the system is being implemented in an effort to save lives because it is aimed at ensuring compliance with road traffic legislation and changing motorists' reckless behaviour.

AARTO is set to be implemented nationally during this financial year but no official date has been finalised yet. The RTMC will administer all South African road traffic offenses and collect all fines in accordance with the AARTO Act. It is therefore important that you familiarise yourself with its provisions. Here are just a few things you need to know:

- AARTO will enforce a demerit point system for traffic fines to drivers' licenses.
- Every driver starts off with zero points on their license (i.e. fines you have acquired before AARTO's implementation do not apply).
- Every point over 12 constitutes a suspension of your driver's license for three months.
- Points that have been accumulated reduce at a rate of one point for every three months that you receive no further infringement notices.
- Driving whilst banned (your driver's license is suspended) is a criminal offence for which you will be arrested. If you are caught and arrested for this you face a hefty fine and possible imprisonment and will also receive an extra six demerit points.
- You have 32 days from receipt of an AARTO infringement notice to take the 50% discount. At 33 days, 100% of the fine, as well as any other AARTO fees, are payable.

AARTO also has certain specific implications for business owners whose employees use business-owned vehicles. For more information on AARTO, visit www.swartland.org.za or www.aarto.co.za.

Só gaan kapitaal bestee word

'n Kapitaalbegroting van R86 603 200 vir Swartland Munisipaliteit is vir die 2010/2011-boekjaar goedgekeur.

"Ek en die burgemeesterskomitee, munisipale bestuurder en volle bestuurspan sal alles in ons vermoë doen om die take wat ons opgelê is met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid uit te voer," het die uitvoerende burgemeester, mnr. Tijmen van Essen, tydens die voorlegging van die begroting vir die raad op 27 Mei 2010 gesê.

Die grootste kapitaalprojekte vir die huidige boekjaar (1 Julie 2010 tot 30 Julie 2011) is as volg:

- Opgradering van Malmesbury rioolwerke tot 'n membraanaanleg – die projek beloop sowat R110 miljoen, waarvan nagenoeg R33 miljoen in die 2010/2011 begroting val, en sal oor bykans drie jaar strek.
- Bou van strate en stormwaterstelsels – sowat R7,6 miljoen sal op die begruising van Swartland strate bestee word. 'n Voorlopige lys van strate en die tersaaklike lengtes is op Swartland Munisipaliteit se webwerf beskikbaar.
- Opgradering van rioolwerke in Riebeek Kasteel – sowat R3 miljoen sal aan die eerste fase van dié projek bestee word.
- Opknapping van 'n waterpypleiding tussen Malmesbury en Kalbaskraal – sowat R12 miljoen sal bestee word.
- Laekostebehuising in Chatsworth – sowat R2,5 miljoen sal bestee word.
- Uitbreidings en opknapping van elektrisiteitsnetwerke – sowat R12 miljoen sal bestee word.

'n Volledige lys van 2010/2011-kapitaalprojekte en die bronne waar-uit die projekte gefinansier sal word, is op Swartland Munisipaliteit se webwerf (www.swartland.org.za) beskikbaar.

Contact us

Swartland Municipality's head offices are located in Church Street, Malmesbury. Our office hours are:

Mondays to Thursdays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 17:00

Fridays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 15:45

Visit us or direct all enquiries through one of the following channels:

Postal address:
Private Bag X52,
Malmesbury 7299

Tel: 022 487 9400

Fax: 022 487 9440

E-mail: swartlandmun@swartland.org.za

Other useful contacts

Emergencies during office hours:
022 487 9400

Emergencies after hours: 022 487 6479

Ombudsman: ombudsman@swartland.org.za
or 022 487 9448

Swartland Tourism: 022 487 2989 or
swartland@cornergate.com